



Gesinne in Harmonie

Volume 15, Junie 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Lieve Ouers,

Die vorige nuusbrief het ons aan al die vroue in ons lewens gewy, terwyl dit Moedersdag op die 13de Mei was. Hierdie maand maak ons weer tyd vir die mans, want **Vadersdag** is op die **17de Junie**.

Ons fokus op die rol van die pa in die huis (en elke manlike figuur wat 'n invloed op 'n kind se lewe kan uitoefen), nie net op sy eie kinders nie, maar ook in die algemene gemeenskap.

Die rol van die pa in die huis en in die familie kan nie onderskat word nie. Volgens wat God vir ons leer, is die pa die verteenwoordiger van God in die gesin, die hoëpriester, profeet en herder.

Om dit in praktyk toe te pas, is 'n moeilike en baie verantwoordelike werk - veral as ons kyk na die tye waarin ons leef waar die grense van rolle van die verskillende lede van 'n gesin baie vervaag het.

In Mei-maand se brief het ek julle ook vertel van die DVD "Courageous" op die agterblad. Hierdie is een van die mees praktiese DVD's

wat ek in 'n lang tyd gesien het en fokus huis op die belangrike rol van die man in die familie.

As jy 'n pa is, is jy ongelooflik geseënd, want God het vir jou 'n stukkie van Sy eie hart gegee om Sy rol op aarde in jou familie te vervul.

Van ons het nog ons eie pa's en ander het weer 'n ander manlike figuur wat ons as 'n vaderfiguur sien en leer ken het. Dit is ook 'n ysklike voorreg!

As jy kon, wat sou jy oor die vaderfiguur in jou lewe skryf of vertel?

Waaraan dink jy as jy aan jou pa of die pa-figuur in jou lewe dink?

Watter soort Pa is jy? Wat beteken vaderskap vir jou? Watter soort Pa wil jy graag wees?

'n Geseënde Vadersdag aan elkeen van julle wat 'n Pa, Oupa, Peetpa, Stiepfa of Voogpa is!

Saam in Sy diens,

Lita

Notas vir die yskas

Kleuterkerk en Junior Kategese

08:50–10:15 in Kerksaal

- ◆ 3 Junie - Gewone klas
- ◆ 10 Junie - Werks-winkel
- ◆ 16 Junie - Jeugdag
- ◆ 17 Junie - Kinders by Pappa/Oupa in die Kerk
- ◆ 22 Junie - Skole sluit

Volgende kwartaal begin ons op 22 Julie 2012

**Wie die Here dien,
het daarin
n veilige toevlug en ook sy
kinders
vind daar skuiling**

Spreuke 14:26

Die gebed van 'n pa

Hemelse Vader, U het my geskep om soos U te wees en my vrou en kinders lief te hê soos U vir Israel en vir ons, U kinders, liefhet.

Maar U weet dat ek net 'n eenvoudige man en pa is wat dikwels tekort skiet aan die verwagtinge van my vrou en my kinders.

Leer my om 'n ware pa vir my kinders te wees en hulle elke dag van U en U liefde vir ons te leer.

Gee my wysheid, Here. Die lewe is gejaagd en die druk op ons as ouers geweldig baie.

U is die beste Pa wat enigiemand voor kan wens - help my om meer en meer soos U te

wees, sodat my kinders U kan raaksien as hulle na my kyk.

Here, soms is my geduld min en doen of sê ek iets wat hulle seermaak - vergewe my en help my om deurentyd U voorbeeld te probeer volg.

Ek is trots op my kinders, Here. U het my werklik geseën om hulle aan my toe te vertrou.

Maar ouerskap is ingewikkeld en veral in die wêreld waarin ons nou leef, is dit 'n uitdaging om altyd die regte dinge te doen.

Hou U my hand vas, Vader! Lei U my om hulle te lei. Wees U die ware Vader in ons huis!
Amen

Manne-Oase

Hou die Rietnuus sondae dop vir aankondigings - daar word een maal 'n kwartaal 'n samekoms spesiaal vir ons manne gereël.

Kontak Pieter Malan (details op die agterblad)

**Onthou die
Leiersberaad
1-2 Junie!**

**Alle Leraars,
Ouderlinge,
Leierdiakens,
Taakspanleiers,
Bedieningsleiers,
Omgeegroepleiers**

**Vrydagavond,
1 Junie @ 19:00**

**Saterdagoggend,
2 Junie @ 09:00**

Moot Care Sentrum

Louwna Bouwer

Telefoonnummer:

3300632 of 071 480 1178

Epos: mootcare@vodamail.co.za



Kleinkinders is vir oumense 'n trots; vaders is vir hulle seuns 'n sieraad.

Spreuke 17:6



Gesinne in Harmonie

Volume 15, Junie 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



My pa se hande

Ek is gelukkig. Ek hoef nie eens my oë toe te maak om my pa se hande voor my geestesoog te sien nie. Ek weet presies hoe hulle lyk.



My pa se hande is geswel van die rumatiek, vol sproete en vlekke, en meestal nog vol skrape. Hy maak sy naels met 'n knipmes skoon en sny dit eweredig. Sy hande is altyd netjies en skoon.

Dis die hande wat my kleintyd vasgehou het, my doeke omgeruil het, my skool toe gevat het, my pakgegee het toe dit nodig was en wat medisyne aangedra het as ek siek was.

Dis ook die hande wat elke dag van voor sonop soggens tot saans lank na sononder hard gewerk het om my deur die skool en kollege te kry.

Dis die hande wat 'n knipmes kan skerpmaak op 'n slypklip en vir my 'n doringdraad-raam kan buig. Net omdat ek daarvan hou.

Dis die hande wat aarbeie vertroetel totdat hulle rooi en rondvet afgepluk kan word en wat dit dan, sonder om dit te kneus, vir my aangee om te proe.

Dis die hande wat, wanneer niemand anders dit regkry nie, nog 'n broeksak vol koejawels gaan aflat en op die tafel kom uitpak.

Dis die hande wat doringboompeule of akkers optel om vir die skape te bêre, en wat die waatlemoeneskille vir hulle oopsny in kleiner stukke.

Dis die hande wat my op die trekker leer bestuur het, wat koeie gemelk het en skape geskeer het.

Dis ook die hande wat in die winter douvoordag gaan water inkeer het uit die rivier. Dan, as hy terugkom, het hy die yskoue hande in my nek kom indruk om my kamtig wakker te maak.

Dis die hande wat vir my nou nog 'n perske of lemoen sal afskil of 'n swaar sandsteenklip van die plaas sal aandra wat ek in my tuin kan kom 'plant'.

Dis die hande wat altyd tyd maak om die kleinkinders op te tel, wat die mooiste ketties kan maak, fluite uit pampoen-stingels kan sny en veldblomme kan pluk.

Dis die hande wat nooit leeg is nie.

Die hande wat altyd het om te gee.

Dis ook die hande wat saans die Bybel vashou en wat saamvou in gebed.

Ek is gelukkig. Ek ken my Pa se hande.

A daddy is someone who has photos in his wallet where his money used to be

- Anonymous

Really seeing the truth (Received per email - Unknown)

There was a blind girl who hated herself because she was blind. She hated everyone, except her loving boyfriend. He was always there for her.

She told her boyfriend, 'If I could only see the world, I will marry you.' One day, someone donated a pair of eyes to her.

When the bandages came off, she was able to see everything, including her boyfriend. He asked her, 'Now that you can see the world, will you marry me?'

The girl looked at her boyfriend and saw that he was blind. The sight of his closed eyelids shocked her. She hadn't expected that.

The thought of looking at them the rest of her life led her to refuse to marry him.

Her boyfriend left her in tears and days later wrote a note to her saying: 'Take good care of your eyes, my dear, for before they were yours, they were mine.'

This is how the human brain often works when our status changes. Only a very few remember what life was like before, and who was always by their side in the most painful situations.

Ken jy jou Hemelse Vader se hande?

Daar is so baie dinge wat ons van ons Hemelse Pa se hande weet - of jy nou elke dag daaraan dink of nie. Kom ons verfris bietjie ons geheue:

- * Hy het self jou naam in Sy handpalm ingegraveer en sal jou nie vergeet nie - Jesaja 49:15b - 16a
- * Hy hou voortdurend jou hand vas - Jesaja 41:13
- * Hy het alles geskep in die hemel en op aarde en laat ons oor die werk van Sy hande heers - Psalm 8:4-7
- * Sy hande het jou aanmekaar geweef in die moederskoot en elke stukkie van jou liggaam gevorm - Psalm 139
- * Sy hande is deurboor - vir jou! - Jesaja 53 en Lukas 23-24
- * Hy staan en klop aan die deur van jou hart en wag dat jy Hom binnenooi - Openbaring 3:20

Vat nou Sy hand soos jy hier op aarde jou pa se hand sou vashou en vertrou Hom met jou hart en jou lewe!



Gesinne in Harmonie

Volume 15, Junie 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Maak tyd vir mekaar (Uit: Stiltetyldeur Dr Johan)

"Ek lees verlede week hierdie treffende stukkie:

'A teacher from a primary school asks her students to write an essay about what they would like God to do for them. At the end of the day while marking the essays, she reads one that made her very emotional.

Her husband, who had just walked in saw her crying and asked her what happened. She answered: 'Read this. It is one of my students' essays.'

Oh God, tonight I ask you something very special: Make me into a television. I want to take its place. Like the TV in my house. Have my own special place and have my family around me.

To be taken seriously when I talk. I want to be the centre of attention and be heard without interruptions or questions.

I want to receive the same special care that the TV receives when it is not working. Have the company of my dad when he arrives home from work, even when he is tired.

I want my mom to want me when she is sad and upset, instead of just shouting at me or ignoring me.

I want to feel that my family just leaves everything aside, every now and then, just to spend some time with me.

Lord, I don't ask you for much...

I just want to live like every TV.

'At that moment the husband said, 'Poor child. What horrible parents.'

She looked up at him and said, 'That essay is our son's.'

In Efesiërs 5 en 6 skryf Paulus indringend oor die verhouding tussen mans en vroue, ouers en kinders en werkgewers en werknemers.

Nou is dit belangrik dat hy dit voorafgaan deur in die vorige hoofstuk te skryf, **Maak die beste van elke geleentheid**.

'n Vorige Afrikaanse vertaling het gelui, **Koop die tyd uit**.

Tyd is kosbaar.

Maak vandag tyd vir mekaar.

Maak die tyd saam spesiaal.

Sonder dit is geen ware verhouding moontlik nie."

Hoe weeg die plek van die TV in jou huisgesin op teenoor die tyd wat jy saam met jou kinders of jou vrou kuier en met aandag na hulle luister?

Het jy al die TV afgeskakel en aan jou vrou / kinders ekstra tyd gegee? Of het jy al daaraan gedink om afstand te doen van die "remote" en na jou kinders te luister as hulle iets van die skool vir jou wil vertel - of juis nie wil vertel nie?

Probeer dit gerus! Hier is 'n uitdaging:

Doen dit vir een week lank - skakel die TV af, kuier om die tafel, speel weer speletjies saam of help met die huiswerk of vertel stories uit jou kinderde... En laat weet hoe dit gegaan het!

Net een week se moeite om jou kind terug te wen!

Ons Huisreëls:

1. Volg instruksies die eerste keer wat dit gegee word
2. Hou jou hande, voete, voorwerpe en onvriendelike woorde vir jouself
3. Luister as iemand anders praat
4. Pas alle eiendom op
5. Tree altyd toepaslik op

-Anoniem -

Net wanneer mens begin besef dat sy ouers reg was, begin sy kinders hom vertel dat hy verkeerd is,

Aldo Cammarota

*Moenie in jou lewenstyd jou besit onder jou kinders uitdeel nie.
As hulle spandabel is, sal hulle dit verwaarloos,
en as hulle inhalig is, sal hulle jou verwaarloos.*

CJ Langenhoven

Imagine if you succeed in making the world perfect for your children, what a shock the rest of life would be for them.

Joyce Maynard



Gesinne in Harmonie

Volume 15, Junie 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Boekwurms

Jy is wat jy lees!
Leer dus jou kinders om te onderskei ook in dit wat hulle lees!

Flienvlooie

Volledige Christelike resensies vir films is beskikbaar op:

<http://www.kids-in-mind.com/>



Bediening vir Diens

Kontak ons gerus!

kinders@rietfontein-suid.ng.org.za

of

diens@rietfontein-suid.ng.org.za

Die twee wolwe in my kind se lewe

In elke kind se lewe skuil daar soms 'n wolf of twee wat jy as ouer moet leer om te herken en ook om jou kind leiding te gee oor hoe om die wolwe te hanteer. Nee, ek praat nie nou van 'n skuldwolf nie, want meestal 'besoek' hulle die ouers en nie die tieners nie!

Ek praat van daardie tye wanneer ons kinders sukkel om hul eie identiteit te leer ken en dan van nou tot nethou verander van die soetste en liefstalligste tiener tot die een wat jou laat voel om liewer jou tas te pak en pad te gee!

Hierdie storie spreek vir homself, maar lees gerus self:



One evening an old Apache told his grandson about a battle that goes on inside people. He said, "My son, the battle is between two wolves inside us all.

"**One is Evil** - It is anger, envy, jealousy, sorrow, regret, greed, arrogance, self-pity, guilt, resentment, inferiority, lies, false pride, superiority, and ego.

"**The other is The Spirit** - It is joy, peace, love, hope, serenity, humility, kindness, benevolence, empathy, generosity, truth, compassion and faith."

The grandson thought about it for a minute and then asked his grandfather: "Which wolf wins?"

The old Apache simply replied, "**The one you feed...**"

Vir ons grootmense is hierdie storie ook van belang. Dink 'n bietjie hieroor:

Watter tipe kinders maak jy groot? Die een wat jaloers is, geen respek vir ander het nie, al ewig uitdagend en uittartend met jou praat? Of die een wat vriendelik en sagmoedig is en wat 'n hart het vir ander?

Hoekom verskil kinders? Behalwe dat gene 'n rol speel en hul ook hul eie geaardhede vorm, het dit ook baie te doen met waaraan hulle blootgestel word, hetsy huis of in die skool of voor die TV of op die internet.

God het ons almal verskillend gemaak, maar Hy het ook aan ons almal die vermoë gegee om ons eie optrede te bepaal en self daaroor te besluit.

Hou dit dus in gedagte as jy met jou kinders praat, saam met hulle speel, of voor hulle praat. Die ou spreekwoord van "woorde wek, maar voorbeelde trek" geld vandag nog!

Besoek ons gemeente se webwerf en kyk onder

Die Koffiepot vir Volume 1-3 van Ouers in Harmonie en nou Gesinne in Harmonie!

Bediening vir Diens

Peet Dorfling

Telefoonnummer:
084 464 7102

Epos:
peet@productivitysa.co.za

Taakspan vir Gesinne

Basson Geldenhuys

Telefoonnummer:
071 6488 656
Epos:
basson.geldenhuys@dpw.gov.za

Taakspan vir Vroue

Brenda Barnard

Telefoonnummer:
082 453 8421
Epos:
brendabarnard@gmail.com

Taakspan vir Senior Lidmate

Ds Dirk van Zyl

Telefoonnummer:
084 038 8993

Epos:

caddvanzyl@absamail.co.za

Taakspan vir Jeug

DJ Muller

Telefoonnummer:
083 420 2217

Epos:

djennadia@gmail.com

Taakspan vir Kinders

Lita Spreeth (Red.)

Telefoonnummer:
082 453 8421

Epos:

lspreeth@sars.gov.za

Manne Oase

Pieter Malan

Telefoonnummer:
082 444 1112
Epos:
phmalan@gmail.com